

Maandag

Efe. 2:8–10. 4:19–24; Gal.3:1– 5, 5:22– 25; 2 Kor.7:10-12. Teks: Efe. 4:24 “Ja, trek die nuwe mens aan wat in ware geregtigheid en heiligheid na God se beeld geskep is.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Christus maak ons status, houding en gedrag nuut.' Die eintlike en regte saak waarom dit vir die kerk van die Here gaan is of ons met die ou tipe bekerings of die nuwe tipe bekerings mee besig is. Dit gaan nie oor hoe opreg, hoe skielik, hoe dramaties, hoeveel keer, wanneer en waar jy tot bekering kom nie. Die verskil wat die Here se redding bring in die tipe bekerings waar ons van sonde tot gehoorsaamheid aan die wet van God draai, gaan oor of dit bekerings van die ou soort of van die nuwe soort is. Volgens Paulus is die nuutheid van bekering “die aflê van die ou mens” en die “aantrek van die nuwe mens.”

Dit is ook hoe bekering as

- * die belydenis van sonde,

- * die berou oor sonde,

- * die besluit om gehoorsaam te wees en met goeie werke besig te wees in die Heidelbergse Kategismus beskryf word. Die Heidelbergse kategismus beskryf dit na aanleiding van Efesiërs 4 en Romeine 6. Wanneer gelowiges met hêr die tipe bekering besig is, dan is dit die nuutheid waarmee hulle in hierdie bekerings mee besig is: hulle is besig met die aflê van die ou mens en die aantrek van die nuwe mens. Hêr die manier van bekeer is HEELTEMAL IETS ANDERS as al die bekerings van reg na verkeerd waarmee al die godsdienste en geestelikhede van hierdie wêreld mee besig is. Hulle is altyd besig met bekerings van die ou soort. Dit is bekerings volgens dit wat die Bybel beskryf as dié van die ou mens. Maar... wanneer Christene egter bekeer van sonde tot gehoorsaamheid aan die wet van God, is dit bekerings van die nuwe soort: die aflê van die ou mens en die aantrek van die nuwe mens. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Efe. 2:8–10. 4:19–24; Gal.3:1– 5, 5:22– 25; 2 Kor.7:10-12. Teks: Efe. 4:24 “Ja, trek die nuwe mens aan wat in ware geregtigheid en heiligheid na God se beeld geskep is.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Christus maak ons status, houding en gedrag nuut.' Bekerings van sondige gedagtes, gesindhede en optredes tot gedagtes, gesindhede en optredes volgens God se wet, maak jou nie 'n nuwe mens nie. Net Christus maak jou 'n nuwe mens. Só stel Paulus dit in Efe. 2: 10. God alléén maak ons nuwe mense. Die nuwe mens wie God ons in Christus skep om te wees, is net soos God alles as Skepper geskep het. Paulus skakel enige ander moontlikheid om nuut te wees uit deur te stel dat hierdie nuwe mens wie ons is, is NIE uit onself of uit ons goeie werke, dit is NIE uit ons bekerings en oorgawes nie. Ons nuutheid is 'n gawe van God. Die nuutheid is ook nie 'n transformasie van wie God ons (as skepsels) as Skepper in ons moederskoot gemaak het nie. Dit is die herskepping om weer die goeie werke waarvoor ons van die begin af voor gemaak is, weer te kan doen. In die Direkte Afrikaanse Vertaling word hierdie nuutheid wie God ons maak en laat wees in Efe. 4 vers 24 beskryf as “die nuwe mens ... wat in geregtigheid en heiligheid na God se beeld geskep is.” Ons is nuut omdat ons

HEILIG gemaak is. Dit beteken God laat ons en ons liefde vir Hom volgens sy wet volkome wees. Ons is nuut omdat ons REGVERDIG gemaak is. Dit beteken God laat ons en ons liefde vir Hom reg wees volgens sy wet. Omdat ons liefde vir God volkome en reg is as gawe van God, kan ons met nuwe soort bekerings besig wees. Ons kan die ou mens wat ons was aflê en die nuwe mens wat God ons laat wees, aantrek. Ons bekerings van sonde tot gehoorsaamheid is altyd die bekerings van mense wat God heilig en regverdig laat wees. Wie tot bekering kom as onheilige en onregverdige mens wat deur hul bekêrings heilig en regverdig wil wórd, is besig met die bekerings van die ou mens. Dit is nie bekering volgens Paulus nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Efe. 2:8–10. 4:19–24; Gal.3:1– 5, 5:22– 25; 2 Kor.7:10-12. Teks: Efe. 4:24 “Ja, trek die nuwe mens aan wat in ware geregtigheid en heiligheid na God se beeld geskep is.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Christus maak ons status, houding en gedrag nuut.' Hoe Christus dit doen kan ons met 'n voorbeeld toelig: die verskil tussen troepe en offisiere in die weermag! Troepe se houding én gedrag verskil radikaal van die houding én gedrag van offisiere. Troepe se gedrag is dat hulle nie vir hulself dink nie, niks self beplan nie, en geen eie wil of persoonlikheid het nie. Hulle moet net doen wat vir hulle gesê word. Troepe se houding is baie soos Paulus se beskrywing van die praktyke van die sondige natuur in Gal. 5. Onder bevel gedissiplineer, maar losbandig, gedrink, teenoor mekaar vyandig, bakleierig en uitspattig. Offisiere se gedrag daarteenoor stem baie ooreen met Paulus se beskrywing die gedrag van gelowiges in 2 Kor. 7: 11: verantwoordelik, ernstig en ywerig met hul taak, met ontsag vir die instelling van die weermag en besig om die kwaad te bestraf. Die offisiershouding kom ook baie ooreen met Paulus se beskrywing van die vrug van die Heilige Gees in Gal. 5: Selfbeheersd, geduldig, getrou, goeheartig en nederig. Die verskil in houding en gedrag tussen troep en offisiere is die rang. Die rang maak die verskil! Die gesag en status waarmee die rang 'n offisier beklee maak die verskil tussen die gedrag en houding van 'n offisier teenoor dié van 'n troep. Troepe het geen rang nie, geen status en geen gesag nie, tree dus só op en het só houding. Christus maak van troepe offisiere. Hy gee ons 'n nuwe rang (status) om heilig en regverdig vir God te wees en só verander Hy terselfdertyd ons gedrag en houding. Christene bekeer soos offisiere bekeer, nooit soos troepe bekeer nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Efe. 2:8–10. 4:19–24; Gal.3:1– 5, 5:22– 25; 2 Kor.7:10-12. Teks: Efe. 4:24 “Ja, trek die nuwe mens aan wat in ware geregtigheid en heiligheid na God se beeld geskep is.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Christus maak ons status, houding en gedrag nuut.' Deur die nuwe status wat God ons gee, ons is heilig en regverdig vir God en só skep God in ons 'n nuwe houding en nuwe gedrag. Net soos die aanstelling van 'n troep as offisier sy hele houding en gedrag verander. God maak

ons heilig en regverdig en só skep God in ons die houding van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid en selfbeheersing as vrug ons vereniging met Christus. Net só! Deur ons insluiting in Christus bewerk die Heilige Gees ook in ons 'n nuwe wyse van optrede. Deur jou offisier te maak, skep die Here in jou die gedrag wat pas by 'n offisier: verantwoording ten opsigte van jou goeie werke, aanspreeklikheid vir jou taak, ontsag vir God wat jou tot sy diens geroep het, ywer in die uitvoer van jou pligte, 'n verlange om goed te wees in wat jy doen en 'n bestraffing van alles wat jou in jou diens belemmer. (2 Korintiërs 7: 9 – 11) Daarom, wanneer ons bekeer in die betekenis van om ons sonde te erken en te bely, berou oor ons sonde te hê, ons weer tot die eis van God se wet te verbind en ons toe te lê op goeie werke, dan doen ons dit altyd as:

1. heilige en regverdige kinders van God,
2. mense in wie God deur sy Gees die vrug van die Gees werk, dit is, die Gees skep 'n nuwe houding in ons en
3. mense wat optree met verantwoording, ontsag, verlange, ywer en die bestraffing van die kwaad. (2 Kor. 7)

Wanneer ons sonde bely en weer gehoorsaam is, dan doen ons dit deur ons ou mens af te lê: ons glo nie ons in onheilige en onregverdige troep-wees, -houding en -gedrag nie. Ons doen dit deur die nuwe mens aan te trek: ons doen dit as heilige en regverdige mense met die houding en gedrag van heilige en regverdige mense soos 'n offisier. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Efe. 2:8–10. 4:19–24; Gal.3:1– 5, 5:22– 25; 2 Kor.7:10-12. Teks: Efe. 4:24 “Ja, trek die nuwe mens aan wat in ware geregtigheid en heiligheid na God se beeld geskep is.” (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: 'Christus maak ons status, houding en gedrag nuut.' Wêreldwyd is bekering as die aflê van die ou mens en die aantrek van die nuwe mens (soos die apostel Paulus dit leer) vandag al feitlik 'n totaal ongekende saak. Geestelikes preek nou 'n nuwe soort nuutheid: God se nuutheid! Die ou god moet 'n nuwe god word! Dit preek hulle met die aankondiging dat jy God koning van jou lewe moet maak en jy Jesus op die troon van jou hart moet sit! Wanneer jy God koning maak en Jesus op die troon van jou hart sit, gee jy vir God 'n nuwe rang: koning van my hart. Dan word die ou god 'n nuwe god met 'n nuwe houding en nuwe gedrag! Daardie ou God wat in Homself soewerein God was, (in Homself, deur Homself en tot Homself die heerlike soewereine Here) moet 'n ander houding kry. Hy moet nou sy mag deel! Hy moet sy goddelike krag, mag, lewe en persoon nou met die mense deel wat Hom rang gegee het. Net so moet God sy ou gedrag los en optree volgens die rang wat mense Hom gegee het. Daardie ou absolute uitverkiesende God wat alles alleen volgens sy wil beskik het, moet nou met mense 'n vennoot word. As mens bid, moet Hy reën gee, as mens gehoorsaam is, moet Hy mens beloon. Mense doen wat Hy wil hê en Hy doen wat mense wil hê. Omdat mense Hom 'n nuwe rang gee (ons het hom koning gemaak), moet Hy 'n nuwe houding en gedrag kry! Maar... hierdie nuwe god van die geestelikes is die ou afgode van die wêreld. Daarom is die werklike saak in bekering van sonde tot

gehoorsaamheid die dringende vraag: WIE MAAK VIR WIE NUUT? Wie gee vir wie nuwe rang, met 'n nuwe houding en gedrag wat pas by die nuwe rang? Mense vir God óf God vir mense? Christus géé ons nuwe rang én verander ons houding en gedrag waarmee ons bekeer. Ons is nie geestelikes wat God nuut maak nie. Ons is gelowiges wat as nuwe heilige en regverdige mense ons van sonde tot God se wet bekeer. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus